

**SESSIE 4.**

**Geloof, die verhaal van die Reformasie en die Belydenisskrifte (1517)**



Die Protestantse Hervorming (ook Reformasie genoem, afgelei van die Latynse *reformatio* "hernuwing, herstelling") was 'n godsdienstige beweging wat deur die Duitse hervormer Martin Luther in 1517 begin is en tot die einde van die Dertigjarige Oorlog in 1648 sou voortduur. Alhoewel Luther met sy oorspronklike optrede slegs die bestryding van wanpraktyke in die destydse Rooms-Katolieke Kerk ten doel gehad het, het die beweging uiteindelik tot die verdeling van die Westerse Christendom in die Rooms-Katolieke, Lutherse en Gereformeerde hoofstromings gelei, maar ook tot grootskaalse veranderinge in die politieke, sosiaal-kulturele en maatskaplike orde in groot dele van Europa.






Die Reformasie was gedryf deur die bewuswording dat die Westerse kerk (Rooms Katolieke) wegbeweeg het van die essensie waaroor dit in die Christendom gaan. Dit was veral die kerk se sienings rondom verlossing waarteen mense soos Luther en Calvyn in opstand gekom het. Die beweging was aanvanklik nie ‘n poging om ‘n eie kerk apart van die Rooms Katolieke kerk te stig nie, maar om die sentrale boodskap van Christus se verlossing opnuut binne die kerk te verkondig.

Hoe het hierdie bewuswording posgevat? ‘n Mens beland maklik in die ritme om na die Reformasie terug te kyk en net weer herinner te word aan ‘n klomp dogmatiese leerstellings. ‘n Ouer generasie sal onthou hoe die feite van die Heidelberge kategismus en Dortse leerreël gememoriseer moes word.

Net soos in die vorige sessies, het hierdie fase van die geskiedenis gegaan oor die wyse waarop die Here mense in ‘n snel veranderende wêreld kom ontmoet het. Wat kan ons vandag uit hierdie storie van geloof wat groei leer?

**Wat was die gebeure en insigte wat die Reformasie in beweging gebring het?**

Die Reformasie was ‘n respons van gelowiges wat in ‘n snel veranderende wêreld die Here ontmoet het en die behoefte gehad het om in die lig daarvan hulle geloof opnuut te bely. Die Reformasie was voorafgegaan deur die volgende:


1. **Protes**. Daar was reeds voor die Reformasie ‘n publieke protes (1510) teen die wanpraktyke van die destydse kerk-staat vennootskap wat ‘n groot indruk op Martin Luther gemaak het.
2. **Epidemie**. Die Hervorming is voorafgegaan deur ‘n reeks pandemies waaronder die “Swart Dood” waaraan ‘n derde van die Katolieke in die Weste dood is. Net soos vandag het dit mense in nuwe omstandighede waartvoor hulle nie gekies het nie ingedwing.
3. **Die Renaissance**. Die Donker Eeue (Miiddeleeue) is opgevolg deur ‘n tyd bekend as die *Renaissance*. Die tydsgees het ‘n herlewing gebring het in alle vorme van lewe (kuns, kultuur, ekonomie, wetenskap en godsdiens). Die 15de eeu was gekenmerk deur ‘n reeks ontdekkingsreise. Toe Luther vyf jaar oud was het Dias om die Kaap die Goeie Hoop geseil en op nege het Columbus Amerika ontdek. Dit was ook die era waarin Universiteite tot stand gekom het.
4. **Moderne manier van lewe**. Die Renaissance het ‘n moderne styl van lewe na vore gebring waaronder ook die beweging “die moderne manier om God te dien” (*Devotio Moderna* was ‘n beweging wat in Noord Europa ontstaan het uit die geledere van die Katolieke kerk en waarin klem gelê is op ‘n persoonlike styl om God te aanbid asook sosiale geregtigheid).

Die essensie van die Protestantse uitgangspunte word in die volgende vyf basiese punte uiteengesit:

- *Sola Scriptura* – 'n Fokus op die Bybel as riglyn vir die lewe.
- *Sola Fide* – 'n Mens word nie gered op grond van jou goeie dade nie, maar op grond van jou geloof in God.
- *Sola Gratia* – God se genade wat die maatstaf vir mense se verlossing.
- *Solus Christus* – Christus is Heer en Verlosser.
- *Soli Deo Gloria* – Ons leef tot eer van God se glorie.
- Al vyf beginsels word dan saamgevat in die begrip "*Semper Reformanda*" wat uitdrukking gee aan die voortdurende strewe om te bly reformeer (om voortdurende te verander).

Hierdie beginsels het weereens nie net posgevat in die opstelling van 'n nuwe kerkleer nie, maar 'n manier van lewe wat die kunste, musiek, sosiale lewe, wetenskap, politiek, ekonomie en onderwys diepliggend kom verander het. Die vonk van die Reformasie kan egter teruggevoer word na een saak, naamlik die lees van die Bybel.

**Die Bybel**




Alhoewel die Bybel in die jaar 397 by die konsilie van Cartage gekanoniseer is (vasgemaak), was dit nie tot beskikking van die gewone mens op straat om te lees en bestudeer nie. Voor die Reformasie was die amptelike Bybel wat vir ongeveer 'n duisend jaar in die Westerse kerk gebruik was die *Vulgaat*. Die weergawe van die Bybel is in die 5 de eeu deur Hiëronimus opgestel toe hy die Hebreeuse en Griekse teks in Latyn oor vertaal het. Die begrip "Vulgaat" was verwysend na 'n Bybel vir die gewone mens op straat. 'n Duisend jaar later in die 15 de

eeu het die wêreld egter ingrypend verander. Latyn was nie meer die omgangstaal van die man op straat in die Westerse kerk nie.

Gelowiges het dus voor nuwe uitdagings en geleenthede te staan gekom:

1. Omdat die Bybel vir meer as 'n duisend jaar net in Latyn beskikbaar was, het Westerse Christene nie self die Bybel kon lees nie.
2. Die kerk hiërargie in die Weste het bepaal dat die Bybel slegs deur geleerdes soos Priesters gelees en interpreteer kan word. Die greep wat die Pous en kerklike leiers op die Bybel en die verstaan daarvan gehad het was gevaarlik. Deur hulle allegoriese omgaan met die Bybelteks kon hulle bykans enige iets begrond as "God se woord".
3. Die tydsgees (Renaissance) het egter mense soos Luther en Calvyn tot 'n kritiese ingesteldheid gedwing en die Bybel het 'n nuwe rol in die samelewing ingeneem. Voor Martin Luther en Johannes het mense soos Desiderius Erasmus klem gelê op die behoefte om weer na die bron van die Latynse Bybel terug te gaan. Daar is vir die eerste keer in 'n duisend jaar weer na die Griekse en Hebreeuse teks van die Bybel gekyk en nuwe vertalings het die lig gesien. Martin Luther het een stap verder gegaan en die Griekse en Hebreeuse teks (en nie die Vulgaat nie) as basis gebruik van sy Duitse Bybel vertaling. Die Bybel was in die Weste vir die eerste keer in die omgangstaal van gewone mense op straat beskikbaar wat aangemoedig is om dit self te lees en te verstaan.

**Ek wens die Skrif kan in al die tale vertaal word, sodat nie net die Skotte en die Iere nie, maar ook die Turke en die Sarasene dit kan lees en verstaan. Ek begeer dat die plaaswerker daar agter die ploeg oor die verhale van die Skrif kan sing, dat die wewer daaroor sal neurie terwyl hy werk, dat die reisiger daarmee die uitputting van sy reis sal afskud.**

**DESIDERIUS ERASMUS**

4. Die klem op die Bybel se boodskap het dus aanleiding gegee dat in Protestantse kerke die preekstoel na die middel van die kerk verskuif is. Soos met Paulus eeue gelede het God vir Luther en vele ander opnuut in hulle tyd gestalte gekry. Hierin het ‘n eenvoudige teks soos Romeine 3:21-24 gelowiges aangespoor tot ‘n Reformasie van hulle geloof.

**Romans 3:21-24**

**Maar nou het die vryspraak deur God waarvan die wet en profete getuig in werking getree. Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie, maar deur in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo. Almal het gesondig en is ver van God, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van God se genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus.**

Op 31 Oktober 1517[1] het Luther sy ontevredenheid teenoor die kerk leierskap uitgespreek deur 95 stellings aan die kerk van Wittenberg se deur vas te spyker. Luther se ongelukkigheid het hoofsaaklik gespruit uit die mag wat die Pous in die kerk beklee het, asook die stelsel waarin mense van hulle sonde ontslae kon raak deur geld te betaal vir die uitreik van ‘n aflaatbrief. Hierdie praktyke het nie gerym met wat die Bybel ons leer oor God en geloof nie.

[1] Die datum word tradisioneel verbind aan die begin van die Reformasie.

**Belydenisskrifte**

Die tyd van die Reformasie is later ook gekenmerk deur ‘n reeks geskrifte, wat die geloof van mense wat die Bybel op hierdie manier gelees het, verteenwoordig het. Die belydenis dokumente van die Reformasie was anders as die oud kerklike simbole van die eerste eeue wat bedoel was om in eredienste gebruik te word.

Die Reformasie belydenisskrifte was bedoel om vir leer doeleindes as samevatting van die Christelike geloof te dien. Dit het ook ‘n apologetiese doel gehad. Die politieke situasie van die tyd waarin die kerk en staat sedert keiser Konstantyn verbind het, het die Reformatore gedwing om te verduidelik waar hulle staan.

Die Belydenisskrifte , was volgens die teoloog, Van Ruler, ‘n stok om mee te slaan (apologetiese doel) en ‘n staf om mee te gaan (kategestiese doel).

Die drie belangrike Belydenisskrifte waarna ons gaan kyk is:


- **Die Nederlandse Geloofsbelydenis** wat in 1561 deur Guido de Brès opgestel is.
- **Die Heidelbergse Kategismus** wat in 1563 deur Zacharias Ursinus en Caspar Olevianus opgestel is.
- **Die Dordtse Leerreëls** wat in 1618 en 1619 deur die Sinode van Dordrecht opgestel is.

**Die Nederlandse geloofsbelydenis**, wat in 1561 deur Guido de Bres opgestel, was 'n apologetiese geskrif. Dit wou apologie aanteken vir die Gereformeerde geloof teenoor koning Philips II van Spanje. Die dokument is die aand van 2 November 1561 oor die poort van die koning se kasteel in Doornik gegooi. De Bres is wou die standpunt stel dat Gereformeerdes wetsgehoorsame burgers was en hulle geloof nie 'n bedreiging vir die staat was nie. Die Bres is in 1567 in die openbaar tereg gestel vir die opstel van die belydenis.



Artikel 1: Die Enige God
Artikel 2: Die Middele Waardeur Ons God Ken
Artikel 3: Die Geskrewe Woord Van God
Artikel 4: Die Kanonieke Boeke Van Die Heilige Skrif
Artikel 5: Die Gesag Van Die Heilige Skrif
Artikel 6: Onderskeid Tussen Die Kanonieke En Apokriewe Boeke
Artikel 7: Die Volkomenheid Van Die Heilige Skrif
Artikel 8: God Is Een In Wese En Onderskeie In Drie Persone
Artikel 9: Skrif getuienis Oor Die Leer Van Die Drie-Eenheid
Artikel 10: Die Godheid Van Jesus Christus
Artikel 11: Die Godheid Van Die Heilige Gees
Artikel 12: Die Skepping Van Alle Dinge, Veral Van Die Engele
Artikel 13: Die Voorsienigheid Van God
Artikel 14: Die Skepping Van Die Mens, Die Sondeval En Die Gevolge Daarvan
Artikel 15: Die Erfsonde
Artikel 16: Die Ewige Verkiesing Van God
Artikel 17: Die Verlosser Deur God Beloof
Artikel 18: Die Menswording Van Jesus Christus
Artikel 19: Die Twee Nature Van Christus


Artikel 20: God Se Regverdigheid En Barmhartigheid In Christus
Artikel 21: Die Versoening Deur Christus
Artikel 22: Ons Regverdiging Deur Die Geloof
Artikel 23: Ons Geregtigheid Voor God
Artikel 24: Ons Heiligmaking En Goeie Werke
Artikel 25: Die Seremoniële Wet In Christus Vervul
Artikel 26: Christus Ons Voorspraak
Artikel 27: Die Algemene Christelike Kerk
Artikel 28: Elkeen Is Verplig Om By Die Ware Kerk Aan Te Sluit
Artikel 29: Die Kenmerke Van Die Ware En Die Valse Kerk
Artikel 30: Die Regering Van Die Kerk
Artikel 31: Die Ampsdraers Van Die Kerk
Artikel 32: Die Orde En Tug Van Die Kerk
Artikel 33: Die Sakramente
Artikel 34: Die Heilige Doop
Artikel 35: Die Heilige Nagmaal
Artikel 36: Die Burgerlike Owerheid
Artikel 37: Die Laaste Oordeel, Die Opstanding En Die Ewige Lewe


IVDICIVM
SYNODI
NATIONALIS
REFORMATARVM
ECCLESIARVM BELGICARVM,
habitæ
DORDRECHTI,
Anno 1618. & 1619.
*Cui etiam interfuerunt plurimi insignes Theologi Reformatarum Ecclesiarum* Magnæ Britanniæ, Palatinatus Electoralis, Hassiæ, Helvetiæ, Correspondentiæ VVedderavicæ, Genevensis, Bremensis, & Emdanæ,
DE
*QVINQVE DOCTRINAE*
Capitibus *in Ecclesiis Belgicis Controversis*.
Promulgatum VI. May, cIɔ. Iɔc. xix.
*Cum Privilegio.*
Digitized by Google

Die **Dordtse Leerreëls** is deur die Gereformeerde Kerke van die Verenigde Nederlande opgestel tydens die Sinode van Dordrecht wat van 1618 tot 1619 gehou is. Aan die begin van die 17de eeu (1600's) en 50 jaar voor die koms van Jan van Riebeeck na Suid-Afrika, het daar in die Nederlandse Gereformeerde kerke 'n groot beroering ontstaan wat uitgeloop het op die uiters belangrike Sinode van Dordrecht. Jacobus Arminius († 1609), 'n professor in teologie aan die Universiteit van Leiden het die streng Calvinistiese opvatting van die leer van die uitverkiesing verwerp en verkondig dat God by die uitverkiesing rekening sou hou met die mens se glo. Hiermee het sekere standpunte van Pelagius weer die kerk binnegekom. Arminius is heftig teengestaan deur Franciscus Gomarus (†

1641), ook 'n professor in teologie aan die Universiteit van Leiden, en dit het uitgeloop op 'n heftige leerstryd sodat daar in die jaar 1618 'n sinode in Dordrecht saamgeroep is. Die voorstanders van Arminius se leer is die Remonstrante genoem omdat hulle met 'n geskrif in vyf punte 'n betoog voorgelê het. Op hierdie sinode wat ook deur afgevaardigdes van ander lande bygewoon is, is toe die bekende Vyf Artikels teen die Remonstrante of ook genoem die Dordtse Leerreëls opgestel. Hierdie Dordtse Leerreëls, wat 'n uiteensetting van die Bybelse opvatting oor die leer van die uitverkiesing gee, is een van die drie Belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke (WIKIPEDIA).

Die **Heidelbergse Kategismus** is 'n geloofsbelydenis wat in die Gereformeerde kerke gebruik word. Hierdie Belydenisskrif het in 1563 te Heidelberg, Duitsland ontstaan. Op versoek van keurvors Frederik III van die Palts, een van die invloedrykste state binne die Heilige Romeinse Ryk, is dit as leerboek vir die skole opgestel. Zacharias Ursinus en Kaspar Olevianus is met hierdie belangrike werk getaak deur hierdie vrome prins. Zacharius Ursinus was 28 jaar oud en alreeds 'n professor in teologie aan die Universiteit van Heidelberg. Casper Olivianus was 26 jaar oud en 'n hofprediker.


Catechiſmus
Oder
Chriſtlicher Underricht/
wie der in Kirchen und Schulen der Churfürſtlichen
Pfaltz getrieben
wirdt.
Gedruckt in der Churfürſtlichen Stad Heydelberg/ durch
Johannem Mayer.
1563.

Kategismus beteken leerboek en is gebruik om die jeug te onderrig en leiding aan predikers en onderwysers te gee. Keurvors Frederik III van die Palts het die advies en samewerking van die hele teologiese fakulteit bekom in die voorbereiding van die kategismus.

Die Heidelbergse Kategismus was eerste op die Sinode van Heidelberg aanvaar en in Duits gepubliseer met 'n voorwoord deur keurvors Frederik III gedateer 19 Januarie 1563. In dieselfde jaar is daar 'n tweede en derde Duitse uitgawe uitgebring en ook 'n Latynse weergawe, elkeen met klein veranderinkies. Verskeie ander

sinodes van die 16de eeu en ook die Nasionale Sinode van Dordrecht (1618-1619) het dit as een van die belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke aanvaar en as deel van die Formuliere van Eenheid verklaar.

Die kategismus is in 52 dele verdeel, sodat 'n deel van die kategismus elke Sondag van die jaar in die kerk geleer kon word. Vandag nog word dit as leerboek vir jong gelowiges van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gebruik en word dit van ampsdraers vereis om die leer daarvan te onderskryf en te leer aan hul gemeentes. Die Heidelbergse Kategismus is in menigte tale vertaal en is heel moontlik die invloedrykste en die mees aanvaarde kategismus uit die Reformasie (WIKIPEDIA).

## Wat getuig die Reformasie vandag oor geloof en ons eie geloofsresponse?